

## Uittreksel

### *Patagonië* deur Maya Fowler

Die busstasie by San Luis is weereens 'n plat, futuristiese affêre, asof modernisme hier kom smelt het.

Alta gaap en wonder hoe sy op 'n toer van Suid-Amerikaanse busstasies beland het. Die ou vrou skuifel deur se kant toe en Alta pluk haar koffer van die rak bokant haar kop. Dis ook maar goed sy het die ding nie in die bagasieruim laat sit nie, want die kaartjie sê uitdruklik internasionale passasiers mag slegs afklim op die plek wat die kaartjie aandui, naamlik, in haar geval, Santiago.

Sy duik by die bus uit en knip haar oë teen die helder vroegoggendlig. Sy het vir 'n verandering goed geslaap; die gordyne is nog toe en die televisie genadiglik stil. Die stasie is nog stil, buiten 'n paar busse wat luier en 'n enkele skoonmaker wat in lang, stadige hale voor die voordeur vee.

In die stasiegebou is 'n rak pamflette oor die streek. Alta tel die een waarop *La Difunta Correa* staan op. Die voorblad wys 'n altaar met die standbeeld van 'n vrou wat op haar rug lê. Sy het lang swart hare en dra 'n rooi rok, 'n baba teen haar ontblote bors. Die pamflet vertel van 'n wonderwerk, van hoe Correa met haar kind in haar arms van dors in die woestyn omgekam het. Toe hulle haar vind, het die kind nog gelewe waar hy drink aan haar wonderbaarlik immer vol bors.

Correa is te voet agter haar man aan toe hy opgeroep is om in die burgeroorlog te veg. 'n Staptog van drie-en-sestig kilometer van San Juan na die dorp Rioja, lees Alta, maar rondom Vallecito is sy van uitputting en dors dood. Om haar baba ná haar dood van melk te kon bly voorsien was haar eerste wonderwerk, en nadat sy begrawe is het 'n aantal verdure wonderwerke op dieselfde plek gebeur.

En so het die aanbidding begin.

Alta oorweeg haar eie situasie. Om te dink die vrou is in die woestyn dood omdat sy agter 'n man aan is! Watter mal perd het sy wat Alta is tog opgesaal? Dit is 'n enorme land, oorwegend waterskaars. Wat maak sy hier? Hier het sy per ongeluk pas op 'n moerse ompad beland. Sal sy Tertius ooit opspoor? En wat sal die soektog aan haar doen?

Sy blaai weer deur die boekie. Dalk kan sy dit op die bus lees. Voorlopig kyk sy na die foto's: miniatuurhuisies, rye pelgrims, berge waterbottels soos die hoop wat sy op pad hierheen opgemerk het. Die bottels het iets met Correa te make, sien sy nou.

Toe sy opkyk, is die ou vrou weer by haar, steeds aan die bid.

Die San Juan-bus is spoedig daar. Sy aarsel 'n oomblik lank, maar volg die ou vrou se voorbeeld en bespreek net tot op Caucete, waarvandaan dit vier-en-dertig kilometer na Vallecito en die altaar is.

Sy het nou eenmaal op hierdie ompad beland. Laat sy maar na die ding gaan kyk. Op pad stel sy dalk vas hoe sy by die ander Santiago kan uitkom. En by Tertius.

Ná 'n stuk Oudtshoorn-landskap begin wingerde aan die voet van die lae, verrimpelde berge verskyn. Elke hang is 'n netwerk van 'n duisend klofies en bulte, groenbruin en swart, met die wynstokke netjies en ordelik in kontras, 'n wonderlike verrassing uit die dorre aarde.

Op Caucete klim hulle af, maar die ou vrou wil nie hoor van 'n laaste bus tot by Vallecito nie: "Estoy caminando." Sy stap.

"¿Treinta y cuatro kilómetros?"

"¡Sí, sí!" Dis 'n pelgrimstog. Boetedoening. Met dié woorde word haar oë weer bewolk.

Is sy seker?

Sy kyk na die kort beentjies en die verslete skoene, maar sy kyk weg voor die vrou haar gedagtes lees. Dit het haar lank gevat om te beseef dat dit onnodig is om 'n ander se menswaardigheid aan te tas deur jou eie bedenkinge op hulle af te laai.

Die vrou is heeltemal seker.

Die volgende ent het Alta 'n venstersitplek, met langs haar 'n maer vrou met 'n slapende kind op die skoot. Die seuntjie het 'n wit sekelmaanletseltjie op die voorkop, baie soos die een wat haar broer toe hy klein was in 'n roosbedding opgedoen het. Die kind haal vlak asem en sy wange is onnatuurlik pienk. Die ligbruin hare plak donker teen die slape.

Die bus is stampvol, meestal ou mense of hoogswanger vroue, maar ook 'n hele klomp toeriste. Voor in die bus staan 'n rits opgevoude rystoele.

Hoe lyk sy met haar donker hare en donker oë en stringe krale vir hulle? Pas sy in, of is sy so uitkenbaar soos dié met die bofbalpette en bergklimskoene; die blonde krulkoppe wat hulle met reisgidse en -pamflette koel waai?

Van hier af verdor die landskap met 'n skynsel Calitzdorppienk, klipstrukture oor die vlaktes gestrooi soos hompe versteende modder. Jy kan verstaan hoe dié Correa aan dors omgekom het.

En wat van Tertius? Is dit ook so dor waar hy in die suide is? Gaan hy nie ook omkom van die dors nie? Is dit moontlik dat hy soos 'n mal mens die veld kan invlug?

En 'n buitelugman is hy nie.

Sy druk haar voorkop teen die koel ruit. Sy het haar beste jare aan 'n dinosaurus geskenk, dink sy bitter, en hier sit sy nou, toekomsloos en steriel: geen kind, geen loopbaan, net 'n bronstige dinosaurus.

Alta kry warm, die koue ruit en die lugreëling desondanks. Sy kom orent en kyk na die kol wat haar gesigroom teen die ruit gelaat het, vryf dit skoon.

Die klippe en stof flits verby en dan, onder 'n koekerasie doringbome, weer die honderde plastiekbottels. As jy vining kyk, vervaag die groen en blou, vertroebel dit soos spoelglas, asof dit deur 'n verdwene see hier aangedra is.

Hoe sou dit vir La Difunta voel om al die water wat vir haar aangekarwy word te sien as sy nou op hulle sou neerkyk? Sou sy versorg voel, of laat dit 'n wrang smaak, mosterd na die maal in die ergste graad?

Daar is groepe mense langs die pad. Nog nie halfelf in die oggend nie, maar die son is bloedig en mans loop met donker kolle op hul skofte, onder blaaie. Van die vroue loop met sambrele, 'n paar met kindertjies in die arms.

'n Entjie verder word dit skares, mense wat douvoordag al begin aankom het. Sommige alleen, ander in groepe, een lei 'n donkie. 'n Man wat blink van die sweet loop sonder hemp en dra wat lyk soos 'n enorme sandsak. Dit rem aan sy armspiere; die ligamente staan soos toue.

Só kies mense hulle lyding.

Het sy hier vir haar 'n lydensweg gekies? Sou dit nie makliker gewees het om in Suid-Afrika te bly en aan te neem sy sien Tertius nooit weer nie?

Maar nee, sy kan haar nie so laat los nie. Sy weier.

Die bus hou stil. Met die uitklim slaan die hitte haar. Sy laat sak haar sonbril. Die lugreëling het haar sag gemaak, maar dalk doen die usmaatskappy dit aspris. Deel van die spel om te beklemtoon hoe warm en ongenadig dit hier is, om te wys hoe erg La Difunta moes ly.

Die skare druis en die bus brul weg. Die pamflet vertel dit is een van die besigste dae van die jaar, 2 November, nog deel van die Allerheiligefees. Net Paasfees is besiger. Daar is ook 'n fees van die trokdrywers – ook 'n groot gedoente.

Mense en diere maal rond, oues en jonges, donkies en perde, honde en 'n hoender. Onder 'n bloekomboom staan 'n bont ponie vasgemaak, wit met bruin kolle en lang maanhare wat oor sy oë hang.

Alta beur tussen die mense deur en gaan staan langs die dier, skaars heuphoogte, en vee met haar plat hand oor sy neus.

Die stemme bly dawer en druis. Sommige lag. 'n Groepie jong vroue lyk opgewonde, vol verwagting, maar die oueres is meestal ernstig.

Die geur van braaivleis draal: spitbraai.

'n Kort, fris man staan en sweet oor die kole waar twee skape regop oopgevlak is. Obseen is dit, met die ribbes so oopgeveleel: die voor- en agterpote oopgesprei, die karkas aan 'n houtkruis oor die braai staangemaak met 'n t-vormige balk onder vir die agterpote.

Tog is die reuk aanloklik, maar die onheilige kontras maak haar naar.

'n Jong seun met 'n sak vol waterbottels kom hou een uit. "Twintig peso's." Die plastiekseëlringe is gebreek en staan soos splinters uit, die etikette ontbreek.

Drinkwater of offerbottels?

Sy skud haar kop en draai om.

Voor haar in die stof is 'n vrou op haar knieë, hande bidden voor haar bors geklem. Alta skuifel vorentoe, in die rigting van die afdak tussen die bloekombome, die bedekte sementtrappies waarheen die hele skare soos 'n slang beweeg, of 'n derm, terwyl die peristalse hulle stadig maar seker daar kry. Verder vorentoe skuifel 'n man op sy rug grondlangs in dieselfde rigting. Langs hom hou 'n man 'n sambreel oor hom, terwyl 'n ander met 'n bottel water byderhand is.

En orals, orals lê die hope plastiekbottels.

Alta word skielik self deur 'n ellendige dors oorval en sy reik na die blik Coke van San Juan af. Gewoonlik hou sy nie van gaskoeldrank nie, maar op vreemde plekke veroorloof jy jou soms allerlei dinge.

Sy kan haar laat meesleur, want sy wil die ikoon tog sien, maar die skare bly druk en sy bedink haar. Dan verswelg die stroom haar. Haar bors swel en sy hap soos 'n vis na lug, lig haar op haar tone soos iemand wat in 'n rivier in gewaag het en dit baie dieper vind as verwag. Sy probeer haar arms uithou asof sy kan dryf, maar saam met die skare beur sy na die trappies tussen die bloekombome.

Kleure warrel en tol, rooi en wit en bruin, blou, grys, nog rooi.

'n Ent verder voel sy hoe die paniek in haar opstoot. "Wag! Wag!" skree sy, maar niemand stop nie, hulle is nou een organisme, soos 'n jellievis; nee, 'n swerm termiete, en sy beweeg saam met hulle, op pad om die koningin te gaan aanbid.

"Easy! Easy!" skree iemand. Dan pluk iemand haar aan die hand. Sy tol en kom los uit die stroom. "Take-it-ea-si-ly!" roep die stem weer. 'n Lui stem, 'n lag, en sy woer onwillekeurig uit die skare los.

"Looked like you needed a hand there," sê die man wat haar uitgekry het; die aksent Australies. Hy lag.

Sy hyg. In die hitte van die oomblik het sy nie besef hoe kortasem sy geraak het nie. "Dankie," antwoord sy in Engels.

"No worries."

Haar gesig gloei. Sy vee oor haar voorkop waar die hare wat sy gister gewas het nou sweterig kleef. Dit is presies die soort van ding wat Tertius met hom sou laat gebeur: om deur 'n skare verswelg te word. Sy lek haar droë lippe af.

Die man is lank, sy hare donkerbruin.

Sy voel simpel dat iemand haar moes help. Haar vuiste is gebal en sy kners op haar tande, maar binne-in is sy veersag. Dis lanklaas dat 'n man haar aan die hand gevat en uit

haar wentelbaan gepluk het. Wentelbaan is sy wel kwyt, maar nie op dié asemrowende manier nie.

Die Australiër rol sy oë, laat sak sy een oor na sy skouer. Iets kraak. Hy herhaal die beweging aan die ander kant, vroetel dan in 'n hemsak. 'n Sigaret kom te voorskyn, 'n aansteker. Hy knyp die ding tussen sy lippe, steek aan en hou dit uit na Alta.

Sy klap haar tong, vee haar hande aan haar skoot af en draai om, terug na die skare wat nou minder woelig lyk.

“Haai, wag!”

Sy kan hom agter haar voel, die liggaamshitte, selfs in hierdie warm woestyn tussen die skare mense. Sy beur vorentoe.

“Komaan, wag!”

Sy hand land op haar skouer en sy skud dit af, beweeg vorentoe.

Sy gee nie om dat sy aan mense stamp nie; sy wil wegkom. En vir wat is hy tog nou agter haar aan? Dalk maar net omdat hy iemand gekry het in hierdie eentalige plek wat sy taal verstaan.

“Ag, komaan, waarheen gaan jy?”

Aanhoudende bliksem. Alta kyk nie om nie. Kort voor lank verdryf die malende massa en die prewelgebiede die man se stem. Die hitte wring haar uit. Sy sou dit kon geniet het, dié droë hitte, as dit nie was vir al die lywe rondom haar nie.

Hulle nader die heuwel. Duskant die peperbome is 'n altaar, maar klaarblyklik nie dié altaar nie, want hier is min mense en minder waterbottels, blomme, vlaggies en bidsnoere as elders. Dié Difunta lê op 'n baksteenstruktuur met 'n geronde halfmaanmuur, ligblou geverf, hemelsblou. Die vooraansig is van bronsplate. Die figuur lyk growwer as op die foto's.

Die “grotto”-Difunta se een been is uitgestrek en die ander knie opgetrek. Die rok, weereens rooi, het flamenco-valle en haar kop is agteroor, die nek lank en die rug gekrom wat haar 'n effe meer ekstatiëse houding gee as wat 'n dooie vrou, of 'n borsvoedende een, dalk betaam. Die baba is in ligblou geklee, die kleur van die heilige Maria, met drie of vier bidsnoere om die nek en 'n melkwywit vel, onvanpas vir 'n plek waar die son so steek. Hy is klein, 'n pasgeborene, maar met die proporsies van 'n volwasse liggaam, soos die Jesus-figuur in vroeë ikonografie.

Alta ril oor die groteske miniatuurgrootmens drinkend aan die bors.

Hulle beweeg voort en die peperbome se reuk kielie haar neus. Daar was peperbome op haar oupa se plaas en by Matjiesfontein en kleintyd het sy en haar broer die pienk bessies in die stof en gruis fyngedruk sodat die geur haar tot vandag toe aan lang, sonnige somerdae laat dink. Haar brein probeer dit kleinkry, die peperbessiereuk in hierdie konteks van ontheemding, massas vreemdelinge, ongenadige hitte, vreemde álles.

Op die stowwerige heuwel is miniatuurhuisies, waarskynlik van hout, sommige so groot soos hondehokke, maar die meeste kleiner, kompleet met wit mure en rooi dakke. Hulle staan holderstebolder tussen stof en skaliesteen, met hier een en daar die skelet van 'n bos.

Op baie van die dakke is handgeskrewe bedankings, soos die een van Familia Escobar: “Gracias, Difunta Correa.” Hulle gee 'n lys van waarmee sy gehelp het – gesondheid, beskerming van die huis. Mil gracias.

Sommige van die huisies lê tot op die heuweltjie gestrooi, tot heel bo waar nog 'n iniatuurstruktuur troon, dié een 'n toring met 'n kruis bo-op.

Eindelik is hulle by die afdak, begroet deur nommerplate en rooi vlaggies soos partytjiever sierings. Elke paar meter staan twee stutpale soos ribbes. Wat gaan sy maak as sy Tertius nie kry nie? Vir jare en jare aanhou soek, aanhou tol deur die veld soos 'n slang wat sy eie stert ingesluk het? Maar Tertius is die slang, penskruiper, of nee, daardie Carina was die slang, listige helledier, maar aan háár moet sy liever nie dink nie.

Hulle bly klim, maar niemand kom dan af nie? Vaar hulle direk uit die kapel op na die hemel? Of klim jy bloot aan die ander kant by 'n ander stel trappe weer af?

Uiteindelik bo, word sy weereens van alle kante saamgepers, by die smal deur van die kapel in, waar die donkerte haar omvou. Sy knipper. Die kerse maak dit amper erger, kolle verblinding in die duister. Honderde lippe bly prewel en die mensreuk is oorweldigend: vrees, angs, hoop, wierook, deodorant. Die vrou langs haar ruik na varsgesnyde uie of komyn. Weer wil sy uit, maar nee. Sy het hierdie ekstra ent gekom, nou moet sy sien, en wanneer haar oë gewoon raak aan die halfdonker, sal sy.

Stadig kom dit in fokus: 'n geritsel teen die verste muur soos 'n gordyn wat oopgetrek word. Die lig stroom in en die onopsigtelike venster staan meteens wit uit teen 'n muur beplak met foto's en skilderytjies. Dalk is dit 'n opsigter wat besluit het die kerslig is nie genoeg nie?

La Difunta lê op 'n hoë stellisie. Iemand het haar met 'n wit laken tot onder die bors bedek. Langs haar kop lê 'n bos vars rose, die stingels in goue sellofaan, die res van die vertrek vol kunsblomme. Die pienk en oranje en geel en rooi skel. Orals is briefies, bronsplaatjies, foto's, selfs 'n graadsertifikaat. Die kleure maak dat die A4-uitdruk in wit-en-swart teen die agterste muur soos 'n stukkende ruit in 'n nuwe huis uitstaan. Die foto is van 'n dogtertjie, seker vier jaar oud, haar hare in 'n bob gesny met 'n lang kuif. Bo-aan staan in hoofletters estamos pidiendo: ons pleit. Links van die foto loop die naam Veronica vertikaal af, met 'n hartjie aan beide kante.

Heel onder staan die hartseer woord: desaparecida.